BISHOPS
DIOCESAN COLLEGE

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

# VRAESTEL 1
# GRAAD 10

**PUNTE: 80**
**TYD: 1.5 UUR**
**DATUM: MEI/JUNIE 2012**
**EKSAMINATOR: A. JACOBS**

**INSTRUKSIES:**

Lees die volgende instruksies / opdragte noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

- Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings (7 bladsye).
  AFDELING A: Leesbegrip (30 punte)
  AFDELING B: Opsomming (10 punte)
  AFDELING C: Taal (40 punte)
- Laat reëls oop tussen antwoorde by LEESBEGRIP (Afdeling A)
- Skryf die antwoorde by AFDELING C (Taal) **onder mekaar** neer, NIE langs mekaar NIE

## AFDELING A (Leesbegrip)

**Vraag 1:**

# Heyneke Meyer







1. Die nuwe Springbok-afrigter, **Heyneke Meyer**, is meer as net 'n rugbybreier – hy't al 'n sportonderneming begin en hy was direkteur van rugby by die Blou Bulle. Hy deel wat sy sover geleer het.
2. WAT WAS JOU BEROEPSDROOM EN JOU EERSTE STAP OM DIT TE VOLG?

   Ek wou altyd die Springbokke afrig. Ek het begin by die onder 20's van my Tuks-koshuis, Mopanie. Alles gaan oor visie. Ek het altyd my doelwitte neergeskryf en al my energie daarop gefokus. Ek het my studies van menslike bewegingskunde, sielkunde en onderwys is gekies om 'n afrigter te word.
3. WAT IS DIE OOREENKOMSTE EN VERSKILLE TUSSEN 'N RUGBY-AFRIGTER EN 'N SAKEMAN?

   Ek glo die twee rolle is eintlik baie dieselfde. Jy moet die beste uit mense kan haal en daarna gaan alles oor samewerking. Jy moet doelwitte stel en jou span mobiliseer om die drome te jaag. 'n Verskil is dat net die wenner in sport tel, maar in sake kan meer as een ou suksesvol wees. Dink maar aan McDonalds en Burger King.
4. WAT IS DIE HOOGTEPUNT VAN JOU LOOPBAAN?

   Elke keer wat ek kon sien ek het 'n verskil in iemand se lewe gemaak – dis soveel groter as om 'n beker te wen. Bakkies Botha het na 2007 se Wêreldbeker sy trui vir my gegee en my bedank vir die verskil wat ek in sy lewe gemaak het.
5. WAT IS JOU BESTE RAAD AAN IEMAND WAT BEGIN WERK?

   Moenie *compromise* met jou drome nie – skryf dit neer en jaag dit na.
6. HOEVEEL RUGBYBALLE HET JY TUIS?

   Met drie seuns lê daar baie verskillende balle by ons huis rond, maar ek is ongelukkig soos 'n nutsman – by sy eie huis lê alles altyd stukkend. Ek wens ek kon meer tyd daaraan afstaan om hulle ook af te rig.

1.1 Watter vyf opeenvolgende woorde sê vir jou dat Heyneke in sy lewe **nie net** rugbyspelers afgerig het nie? (1)

1.2 By watter universiteit het Heyneke studeer? (1)

1.3 Watter drie vakke (*subjects*) het hy studeer? (3)

1.4 Hoe verskil rugby en die sakewêreld? (2)

1.5 Hoe kan McDonalds en Burger King albei suksesvol wees? (1)

1.6 Waar of onwaar: Die grootste hoogtepunt is al die bekers wat Heyneke se spanne gewen het. (1)

1.7 Hoe hou Heyneke tred (keep up) met sy drome en doelwitte? (1)

1.8 Hoeveel seuns het Heyneke? (1)

1.9 Watter posisie (job) het hy beklee voor hy as Springbok afrigter aangestel is? (1)

1.10 Watter ander posisies het hy al beklee? (2)

1.11 Waarom het Bakkies Botha sy trui vir hom gegee? (2)

1.12 Waarom is hy nie 'n goeie nutsman (*handyman*) by die huis nie? (2)

**(18)**

**Vraag 2:**




2.1 Waarom gebruik die adverteerder verskillende lettertipes in die advertensie? (2)

2.2 Vir elke BIC-skryfbehoeftepak wat verkoop word, word 'n pen aan 'n minderbevoorregte kind gegee.

  2.2.1 Is hierdie stelling waar of onwaar? (1)

  2.2.2 Motiveer jou antwoord deur aan te haal. (2)

2.3 Wie is die tekenmark van die advertensie? (1)

2.4 Wat is BIC se logo? (1)

2.5 Wat is die doel van hierdie advertensie? (1)

2.6 Noem twee maniere waarop jy meer oor BIC kan lees en uitvind. (2)

2.7 Waarom is die sin "Ons sit mag in hulle hande!" so doeltreffend in hierdie advertensie? (2)

**(12)**

## AFDELING B (Opsomming)

**Vraag 3a:**

- **Lees die wenke in die paragrawe aandagtig deur.**
- **Kies dan die gepaste sin in die lys onderaan wat die beste by die paragraaf pas. Skryf net die nommer van die paragraaf en die letter langsaan neer.**

A. Spaar geld deur die nagtreine te gebruik.
B. Ruil of huur 'n woonplek.
C. Land by kleiner lughawens.
D. Gebruik die internet om te bespreek.
E. Bespreek jou motor voor die tyd.
F. Maak gebruik van spesiale aanbiedings.
G. Koop jou kos by inkopiesentrums. **(7)**

**Vraag 3b:**

**Gee <u>een woord</u> vir:**

1. dertig minute (par 1)
2. winkels wat kos verkoop (par 5)
3. 'n klomp winkels in een gebou (par 5) **(3)**

## AFDELING C (Taal)

**Vraag 4: Woordkonstruksie**

Lees die sinne in die linker kolom en antwoord die vrae in die regter kolom.

| | |
|---|---|
| My ma maak die 1. (lekker) kos in die wêreld. My ouma se kos is lekker, maar ek dink my ma s'n is 2. (lekker) as my ouma se kos. | 1. Gee die korrekte vorm van die woord.<br>2. Gee die korrekte vorm van die woord. |
| My pa hou 3. (van+dit) om vleis te braai. Ons sit almal om die 4. (vier / vuur) en dan kyk ons 5. (aan / na) hom. Eers sit hy die 6. (kool / kole) heel onder en dan sit hy die 7. (hout / woud) daarop. Hy gebruik ook Blits om dit gou aan die brand te 8. (stel / steek). | 3. Gee EEN woord.<br>4. Kies die korrekte woord.<br>5. Kies die korrekte woord.<br>6. Kies die korrekte woord.<br>7. Kies die korrekte woord.<br>8. Kies die korrekte woord. |
| Hy sê dat 9. (hy / sy) pa hom geleer het om te braai. Ek moet by hom leer wat om te doen. Die mense 10. (wie / wat) langs ons bly, kom van Engeland; daarom hou hulle nooit 'n braai soos ons nie. | 9. Kies die korrekte woord.<br>10. Kies die korrekte woord. |
| My klein 11. (boet) eet ook 'n stukkie boerewors. My ma maak 12. (al / alle) die ander kos soos die 13. (salaad / slaai) en baie14. (aartappel).<br>Sy maak altyd 15. (gesond) kos, want ons moenie 16.(gesond) word nie. | 11. Gee die verkleinwoord.<br>12. Kies die korrekte woord.<br>13. Kies die korrekte woord.<br>14. Gee die meervoud.<br>15. Gee die korrekte vorm van die woord.<br>16. Gee die teenoorgestelde.(opposite) |
| 17. (Toe / Wanneer) ek siek is, koop my ma vir my nuwe TV-speletjies. Sy gee ook vir my baie 18. (pil) om te drink. Ek drink nie 19. (sleg) medisyne nie, maar my ma wil my gesond maak. Sy is regtig 'n 20. (goed) ma. | 17. Kies die korrekte woord.<br>18. Gee die korrekte vorm van die woord.<br>19. Gee die korrekte vorm van die woord.<br>20. Gee die korrekte vorm van die woord. |

**(20)**

**Vraag 5: SINSKONSTRUKSIE**

**Skryf die volgende sinne oor, maar begin soos aangedui.**

5.1 Die Blou Bulle is 'n baie suksesvolle rugbyspan.
**Môre ....** (1)

5.2 Ek speel elke Saterdag 'n wedstryd. Ek moet stort.
**Nadat ...** (2)

5.3 Het jy al ʼn wedstryd by die Kaapse Stadion bygewoon?
**Nee, ek ...** (2)

5.4 Is daar nog kaartjies beskikbaar vir Saterdag se wedstryd?
**Nee, daar ....** (2)

5.5 Die Stormers vertrek na Pretoria.
**Gister ...** (1)

5.6 Verbind die volgende sinne met die voegwoord tussen hakies:
Die skeidsregter het baie foute gemaak. Die Bulle hetgewen. (**tog**)

(2)

5.7 Skryf oor in die Indirekte Rede:
Die Kaptein sê: "Ons wil graag die Super 15-kompetisie wen."
(2)

5.8 Skryf oor in die Direkte rede:
Die skeidsregter vra die Kaptein om asseblief met sy manne te praat.
(2)

5.9 Skryf die volgende sin oor in die lydende vorm:
Die losskakel sal die bal oor die pale skop. (2)

**(16)**

**Vraag 6: Woordeskat**

Voltooi deur slegs die ontbrekende woorde neer te skryf. Kies uit die onderstaande lysie. Skryf slegs die nommer en die woord neer.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **das** | **reënbaadjie** | **waterbottel** | **rugbystewels** | **swem** |
| **stort** | **sweetpak** | | | |

Voor ʼn wedstryd moet jy onthou om jou (6.1) ______ skoon te maak en jou (6.2)__________ vol te maak. Na die wedstryd moet jy (6.3)_______ en jou (6.4)_________ aantrek. (4)

**(20)**

**Totaal: (80)**